SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: BEELD

Date: 06-Jun-2001

Topic: 08

Ref No: 9038

1

ID: 02720968-01

Source Page: 3

# Sasria betaal meer as R3 miljard aan regering

Jaco Leuvennink

Kaapstad. – Die regering het sedert die begroting in Februarie meer as R3 miljard as spesiale dividend van Sasria ontvang, wat die totaal wat tot dusver vir skuldaflossing ontvang is, op R10,4 miljard te staan bring.

Dié terugbetaling van skuld spaar die staat reeds jaarliks R1,19 miljard aan rente, het mnr. Trevor Manuel (foto), minister van finansies, in antwoord op 'n vraag in die parlement gesê.

Sasria maak voorsiening vir versekeringsdekking teen politieke onrus, maar is in 1998 ingevolge die Wet op die Omskakeling van Sasria in 'n staatsbeheerde maatskappy omgeskep.

Omdat die risiko van politieke onrus afgeneem het, het die wet bepaal dat onafhanklike aktuariële advies verkry moes word oor hoeveel reserwes nodig was om sy verpligtinge na te kom.

Spesiale dividende kon dan op grond van hierdie raad uit die reserwes vir skuldaflossing aan die regering uitbetaal word.

Manuel het gesê die versekeringslisensie wat aan Sasria uitgereik is, bepaal dat net skade wat voortspruit uit politiek gemotiveerde, burgerlike of arbeidsonrus gedek kan word en geen gewone misdaad nie.

Manuel het in antwoord op 'n ander vraag gesê daar word nie verwag dat die strategiese wapenaankoopprogram enigsins die ekonomie of die begrotingstekort negatief sal raak nie.

Manuel het gesê die ekonomiese uitwerking daarvan is ten volle deur die komitee van verantwoordelike ministers ondersoek en gehanteer binne die fiskale ruimte wat die Geargroeistrategie en mediumtermyn-bestedingsraamwerk laat.

Die kredietgeriewe, wat onder meer deur die Europese Uitvoerkredietagentskap (EECA) verkry is, is deel van die mediumtermynleningsprogram.

Hoewel premies van tussen 6,4% en 8,8% op lenings aan die EECA betaal moet word, is die leningsvoorwaardes en vaste koerse wat vir die volle tydperk van die lenings sal geld, baie gunstig (tussen 5,63% en 7,32%).